## 16.9 RAPPORT 3 – DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – ANGOLA

## 16.9 REPORT 3 – DEPUTIES ECUMENICITY INTERNATIONAL – ANGOLA

**Deputate verantwoordelik vir die lessenaar:** Dr WC Opperman (s) en Ds JS Temba
**Deputies responsible for the desk:** Dr WC Opperman (c) and Rev JS Temba

| | |
|---|---|
| **1. Igreja Presbitériana de Angola (IPB Angola)** | **1. Igreja Presbitériana de Angola (IPB Angola)** |
| Ekumeniese bande | Ecumenical ties |
| 1.1 *Opdrag*<br>Dat, in die lig van die nabyheid van die lande aan Suid Afrika, vorige kontakte en sendingwerk wat daar plaasvind, kontak met kerke in Angola en Mosambiek gemaak word. | 1.1 *Mandate*<br>In light of the proximity of the countries to South Africa, previous contact and mission work, contact is to be made with churches in Angola and Mozambique. |
| <u>*Vir kennisname*</u> | <u>*To be noted*</u> |
| 1.2 *Uitvoering van opdrag* | 1.2 *Execution of mandate* |
| 1.2.1 n Persoonlike besoek is deur dr WC Opperman op 23 Oktober 2014 gedoen en predikante van die IPB Angola is in Luanda ontmoet. Gesprek is gevoer met verteenwoord-igers van die Bybelskool van die IPB in Luanda. Behoeftes ten opsigte van teologiese opleiding en toerusting van lidmate (veral vroue) is uitgespreek. | 1.2.1 Dr WC Opperman made a personal visit to Angola on 23 October 2014 and met with ministers of the IPB Angola in Luanda. A meeting was held with representatives of the IPS's Bible School in Luanda and needs related to theological training and equipping of members (especially women) were expressed. |
| 1.2.2 Daar is met ds Jacob Schoeman van die NG Kerk Namibië kontak gemaak. Hy is leier van 'n uitreik na Presbiteriaanse kerke in Angola. Hy bedien gemeentes in die Suide van Angola en het kennis van die teologiese opleidingsplekke. Voelers is uitgesteek om teologiese opleiding en toerusting te koördineer tussen GKSA, NGK-Namibië en Brasiliaanse Presbiteriaanse kerke. | 1.2.2 Contact was made with Rev Jacob Schoeman of the NG Kerk Namibia. He leads the outreach to Presbyterian churches in Angola, serving congregations in the south of Angola, and could provide information about the theological training institutions. Feelers were put out in regard to the coordination of theological training and equipping between the GKSA, NGK Namibia and Brazilian Presbyterian churches. |
| 1.2.3 'n Besoek is in 2016 aan Angola gedoen onder leiding van ds Jacob Schoeman. Weens verskeie praktiese struikelblokke kon geen persoon van die GKSA saamgaan nie. | 1.2.3 Rev Jacob Schoeman led a visit to Angola in 2016, but a variety of practical obstacles prevented a delegate from the GKSA from going. |
| 1.2.4 Daar was dus geen direkte kontak tussen Deputate van die GKSA en die IPB Angola sedert Oktober 2014 nie. | 1.2.4 There has thus been no direct contact between Deputies of the GKSA and the IPB Angola since October 2014. |
| 1.2.5 Daar is reeds ekumeniese bande met die IPB Angola. | 1.2.5 Ecumenical ties have already been established with the IPB Angola. |
| <u>*Vir besluitneming*</u> | <u>*To be decided*</u> |
| 1.3 *Aanbeveling (Opdragte aan te benoemde Deputate)*<br>Dat die Ekumeniese Bande in die praktyk opgevolg word en besin word | 1.3 *Recommendation (Mandate for the appointed Deputies)*<br>Ecumenical ties should be practically followed-up and it should be investigated |

| | |
|---|---|
| oor watter terreine van samewerking ten opsigte van teologies opleiding, toerusting en samewerking met ander belanghebbendes ontgin kan word. Moontlike samewerking met die NG Kerk moet oorweeg word. | on which terrains cooperation in terms of theological training, equipping and cooperation with other stakeholders can be achieved. Possible cooperation with the NG Kerk should be considered. |

*Rapporteur:* Ds HS Coetzee

*Reporter*: Rev HS Coetzee